

JUTA SE

NUWE AFRIKAANSE  
GRAMMATIKA

Vir Middelbare Skole

DEUR

D. J. POTGIETER, M.A.

JUTA SE

# NUWE AFRIKAANSE GRAMMATIKA

Vir Middelbare Skole

DEUR

D. J. POTGIETER, M.A.,  
Onderwyser aan die Techniese Kollege, Kaapstad.



JUTA & KIE., BPK.

*Boekhandelaars en Uitgewers.*

KAAPSTAD

::

JOHANNESBURG.

## VOORWOORD.

---

Wat hiermee die onderwyswêreld aangebied word is geen grammatika om te beantwoord aan die akademiese vereistes vir 'n volmaakte spraakkuns nie, maar 'n *praktiese handboek vir skoolgebruik*. Die hoofdoel by die opstel van hierdie boek was dan ook hoe om die grammatiese dinge op die eenvoudigste en doeltreffendste manier by die skolier tuis te bring, vandaar die veelvuldige oefeninge by en vrae op elke hoofstuk, die toetse en die poging om, sover moontlik, van die maklike en meer bekende oor te gaan tot die moeilike en minder bekende.

Daar is *etlike nuwe verskynsels* in hierdie boek: dinge soos *idiomatiese uitdrukkinge en woordpare* wat tot dusver nie 'n plek in skoolgrammatikas verower het nie, maar wat m.i. baie daartoe kan bydra om die skolier 'n beter beheer oor ons taalidroom te gee. Hierdie dinge het ek aan die end van die boek (Hoofstukke 19—23) geplaas. Die rede hiervoor is dat die skolier die gewone grammatika dan al agter die rug het en gevolglik beter in staat is om idiomatiese taalvoedsel te verteer.

Wat ook nuut is in die Afrikaanse grammatika-wêreld is die *verskeidenheid van oefeninge en vrae* na die hoofstukke en die daarby-aansluitende *toetse*. Die waarde van oefeninge onmiddellik na die grammatiese dinge word algemeen erken, en in sommige Afrikaanse grammatikas vind ons werklik dat 'n poging in hierdie rigting aangewend is. In die meeste gevalle is die oefeninge egter so skraal en onvolledig dat hulle byna waardeloos is, terwyl die idee van grammatika-vrae en gestandaardiseerde toetse, sover ek weet, nog nie in ons grammatikas beliggaam is nie.

Die doeltreffendste manier om 'n kind grammatika te leer is tog ten slotte langs die praktiese weg van oefening. In hierdie boek is daar soveel oefeninge dat dit, in elk geval tot en met standerd 8, nie nodig sal wees om oefeningboeke te gebruik nie.